

MY PRENTJIE VAN JESUS?

14 MAART 2021



Hierdie oortuiging kan by elke byeenkoms deur almal saam hardop gelees word.

Ons oortuiging

Ons is kinders van die Here wat saam 'n reis na vernuwing en bevryding aanpak.

Ons wil graag ontdek wat God vir ons wil wys op hierdie reis.

Ons wil graag meer soos Jesus word en Sy wil vir ons lewens uitleef.

Op hierdie reis na vernuwing:

- Beloof ons om gedurig vir mekaar te bid;
- Gaan ons met mekaar deel wat ons ontdek; en
- Verbind ons ons om enduit saam te reis.

TEMA: Prentjies van Jesus



1. STAAN NADER

Vertel vir mekaar wat vir jou “hemel op aarde” is, en verduidelik hoekom.



2. TOT HIERTOEG

As jy die opdrag kry om met ‘n kamera foto’s te neem van Jesus/God in die wêreld, wat sal jy afneem?



3. GPS INSTEL

Ons gaan 3 minute gebruik om tot rus te kom en te fokus op God. Stel jou selfoon se “timer” op 3 minute en sit net rustig in stilte. Geniet dit om in God se teenwoordigheid te wees.

Elke keer wanneer jou gedagtes dwaal, sien in jou geestesoog hoe die gedagte voor jou kop hang, vat dit met jou hand en plaas dit saggies agter jou rug. Fokus weer op hoe gerusstellend dit is om saam met God net te sit en die oomblik te geniet.



4. LUISTER

a. Agtergrond

Hierdie week se erediens en teks fokus op mense wat dink hulle weet hoe Jesus lyk en optree, maar dan verras word deur die regte Jesus. Hulle persepsie is verkeerd, en hulle laat ‘n moordenaar vry en gee Jesus oor om gekruisig te word.

b. Teks

Lukas 22:66-71

Die gedeelte vertel van mense wat Jesus gesien en gehoor het, wat deur Hom bedien is, en wat tog nie gedink het dit is Hy nie. Die ware God was by hulle, en hulle het Hom misgekyk.

Hulle gee Hom uiteindelik oor om gekruisig te word en laat kom in sy plek 'n misdadiger vry. Dit verteenwoordig simbolies presies waarvoor Jesus aarde toe moes kom: om te sterf in die plek van sondaars.

c. Gesels saam

1. Het jy al ervaar dat jy jou misreken het en in 'n spesifieke situasie nie aan Jesus gehoorsaam was nie, omdat jy nie gedink het Hy is daar teenwoordig nie?
2. Vertel van 'n keer waar jy verras was deur Jesus se teenwoordigheid in 'n spesifieke situasie. Hoe het jy besef dat Jesus by jou/julle was?
3. Wat beteken dit vir jou om te weet dat die Heilige Gees by jou is en jou verder in die waarheid sal lei? Hoe is jy bewus van die Gees se leiding in jou lewe?



5. SIT 'N RUKKIE

- a. Wat hoor jy vir jou reis?
(Jy kan hierdie vraag net vir jouself antwoord.)
- b. Wat hoor ons vir ons saamreis as gesin/kleingroep?
(Jy kan, sonder lang bespreking daarvan, vir die ander noem wat jy gehoor het.)
- c. Wat hoor ons vir ons as gemeente se reis saam?
(Jy kan, sonder lang bespreking daarvan, vir die ander noem wat jy gehoor het.)



6. ONS VERSORG MEKAAR

Probeer hierdie week doelbewus “Godsvrae” te vra oor gewone dinge. Dit beteken om die aardse dinge te sien, maar dan te vra wat God daarmee te doen kan hê, hoe Hy dit kan gebruik in die vestiging en uitbreiding van sy koninkryk.

Of vra hoe Hy j^óú kan gebruik sodat Hy deur jou menswees ander kan bereik, ander kan help, sodat hulle God se liefdeshart sal ervaar.



7. HIER GAAN ONS!

In ‘n poging om jou te help fokus daarop dat God altyd by jou teenwoordig is, hou hierdie week ‘n dagboek of joernaal waarin jy aanteken waar en hoe jy God ervaar in die gewone daaglikse lewe.

ROETEMERKERS (Tekste vir Stiltetyd) VIR DIE WEEK

Hierdie tekste verwys na verskillende kere waar mense verras is deur God se teenwoordigheid.

Dag 1: Genesis 16:6-14

Dag 2: Handeling 9:1-9

Dag 3: Eksodus 3:1-6

Dag 4: 1 Samuel 3:1-9

Dag 5: Handeling 10:1-35